<b>Deposito.</b>	Anzahlung.	A. deposito
	E. deposito	E. deposito

### Standard. Klasse (in der

A. Standard was makliker by die woordeskot van die E. Standard soepe in Suid-Afrika aanseleut en ook sodat hulle makliker deur ander

In die kategorie vreemde woorde kom Standaardduitse internasionale variante (teenoor inheemse Duitse woorde) ook ter sprake. In die onderstaande gevalle is die Gp se voorkeure as persentasies by die woordpare in hakies geplaas (vgl. LFB 6):

**TV** (12%) teenoor Fernsehen/Fernsehapparat (88%)

**Telefon** (88%) teenoor Fernsprecher (12%)

**Teleskop** (64%) teenoor Fernrohr (36%)

**Astronaut** (81%) teenoor Raumfahrer (19%)

**Reporter** (64%) of Journalist (36%) teenoor

**Berichterstatter** (0%)

**Pilot** (52%) teenoor Flieger (48%)

**Helikopter** (78%) teenoor Hubschrauber (22%)

'n Rede vir die meesal hoër gebruiksfrekvensie of persentasie gebruiksgevalle van die meer internasionale (vreemde of inklusiewe vorms) is enersyds dat leksikale items in veral die Suid-Afrikaanse massamedia soos die pers en die beeldradio (televisie) via Afrikaans en Engels gepropageer word wat die internasionale Duitse variante ondersteun.

Andersyds gebruik die Gp moontlik variante wat makliker by die woordeskat van die ander taalgroepe in Suid-Afrika aansluit en ook sodat hulle makliker deur ander

Pretoria-Duitsers verstaan kan word as laasgenoemdes se woordeskat in Duits, of dan hulle begripsvermoë, dalk nie meer toereikend is nie.

b. ins Leenwoorde liester.

A. prinsipal.

E. principle.

Die Eng. municipality en Afr. munisipaliteit, wat verkeerdelik vir stadsraad (Stadtverwaltung) gebruik word, gee hy sommige segsmanne aanleiding tot die skep van die woord **Munisipalität**. Dit kan as 'n leenvertaling beskou word omdat elke element van die Afrikaanse en Engelse woorde na Duits vertaal is.

Die volgende soortgelyke gevalle is tydens die ondersoek opgeteken:

Ambulanz. Rettungswagen.

A. ambulans.

Mense en beroepe

E. arbeitsberufe

Sprecher. Redner.

A. spreker

E. speaker

soziale Leute. ~~An~~ Gesellige Menschen

A. sosiale mense

E. sociable people

(vgl. verdert die Strassen sind)

Kondukteur. ~~et~~ Schaffner. ~~haltiert~~

A. kondukteur

E. conductor

Vormann.	Vorarbeiter (Mechaniker, A. voorman Fachmann, der die Aufsicht in der Werkstatt wahrt).	E. foreman A. mechaniker, der die Aufsicht wahrt.
Prinzipal.	Schulleiter.	A. prinsipaal E. principal
Stationsmeister.	Bahnhofvorsteher.	A. stasiemeester E. station master
Gartenjunge.	Gartenarbeiter.	A. tuinjong E. garden boy
Verkeer en vervoer		A. verkeer en vervoer
Ambulanz.	Krankenwagen.	A. ambulans E. ambulance
Strassenlichter.	Strassenlampen.	A. straatligte E. street lights
Teerstrasse.	Asphaltstrasse.	A. teerstraat E. tar road
	(vgl. verder: die Strassen sind geteert - vir asphaltiert)	

<b>Verkehrslicht.</b> Verkehrsampel/ Signal.	A. verkeerslig E. traffic light
<b>Algemene begrippe en voorwerpe</b>	A. voorwerp E. prescription
<b>basischer Dienst.</b> Grundwehraus- bildung. wat op die invloed van die diensting (gedurende op die duur van die diensplicht van die onderde diensplicht)	A. basiese oplei- bildung. Wat personele en interpersonele vry (during national service) en bediening kon oplewer. Voor al die trainingsdienste
<b>doppelstöckiges Gebäude.</b> zweistöckiges Gebäude Leender Fernspiegelgebouw gebuiklike woorde in Pretoria by geniet as die nasionale verskynsel (d. building in the Dutch woerde). Die invloed van die twee afstellike	A. dubbelverdiepinggebou E. double-storey building
<b>eingebaute Schränke.</b> Wandschränke. A. ingeboude kastewordings.	E. built-in cupboards
<b>Die leenwoorde wat onder invloed van die twee landstale</b>	
<b>Neuigkeiten.</b> Nachrichten. gespeifieke wat um 20:00 hören wir eine betref vertübers Radio die als items wat op sowel die hoer as die Neuigkeiten).	A. die nuus E. the news
benadering, gebruik kan word.	woorde, volgens die diglossie-

**Selbstrespekt.** Selbstachtung. A. selfrespek  
E. selfrespect

4.4.5 Algemene opmerkings

**Vorschrift.** Rezept (für Medizin). A. voorskrif

E. prescription

c. Kommentaar op die invloed van Afrikaans en Engels op die Duitse woordeskat van die ondersoekgroep

Wat nasionale en internasionale variante in Duits betref, kom dit in hierdie beperkte ondersoek, wat min gegewens kon oplewer, voor of die internasionale variante (wat soms as vreemde woorde in Duits beskou word - bv. Telefon teenoor Fernsprecher) 'n hoër gebruiksfrekwensie in Pretoria by die ondersoekgroep geniet as die nasionale variante (d.w.s. eksklusief Duitse woorde). Die invloed van die twee amptelike landstale kan in dié gevalle nie buite rekening gelaat word nie.

Die leenwoorde wat onder invloed van die twee landstale ontstaan het, toon geen spesifieke klem of swaartepunt wat bepaalde lewensterreine betref nie. Die leenwoorde verteenwoordig leksikale items wat op sowel die hoër as die laer kommunikasievlake, volgens die diglossiebenadering, gebruik kan word.

## B. Kontrastering van verskillende taallae

### 4.4.5 Algemene opmerking

In hierdie afdeling word die invloed van die twee landstale op die ondersoekgroep se Duitse woordeskot beskryf deur (a) die kontrastering van emotiewe of affektaal met neutrale taal, en (b) die kontrastering van 'n taalgebruik wat stereotiep is en wat as "Formelsprache" beskryf kan word, met kreatiewe taalgebruik.

### 4.4.6 Emotiewe taal teenoor neutrale taal (LFB 4)

#### a. Inleiding

Die invloed van die twee amptelike landstale op die ondersoekgroep se Duitse woordeskot is tot dusver beskryf ten opsigte van 'n taallaag, of dan 'n tipe taalgebruik, wat gekenmerk is deur die sprekers se kontrole oor hul taalgebruik (Engels: careful speech), omdat hulle bepaalde seleksiereëls by die keuse van sekere woorde toegepas het.

In hierdie afdeling sal die invloed van die twee landstale beskryf word ten opsigte van 'n taallaag wat gekenmerk word deur spontane taalgebruik, met ander

c. R.H. Wilhelm. 1978. Beziehung zwischen weiblichen

woorde op 'n vlak waar daar nie bewus nagedink word oor die keuse van leksikale items nie (Engels : *casual speech*). ~~ende aktiwiteite uit te druk~~

Waarom word hierdie taallaag behandel? ~~soos sosiolinguiste~~ soos U. Weinreich<sup>16</sup> het vasgestel dat dit dikwels emotiewe taal is wat tot interferensies neig.<sup>17</sup>

Die invloed van Afrikaans, Engels en dan van Afrikaans en Engels word nou ten opsigte van die ondersoekgroep se emotiewe uitdrukkings beskryf. ~~soos verduidelik volg~~

#### b. Afrikaans as bron vir onlenings ~~taalgebruik uit~~

~~toediening~~  
toemhaar : naas uitroepe soos ach, komm en ist nicht so siestog schlimm om troos of medelye uit te druk<sup>18</sup>

---

16. Vgl. U. Weinreich. 1974. p.65 et passim.

17. Hoewel die lede van die ondersoekgroep aangetoon het dat hulle hulle die beste in Duits kan uitdruk as hulle ergerlik of opgewonde is (SLF 38.c), toon Tabel 1 in Hoofstuk 3 dat daar in hierdie taalgebruiksituasie tog vermenging met die landstale voorkom.

18. Die klassifikasie van gemoedstoestande in LFB 4 is op onder andere die volgende gebaseer:

a. P-M. Arnold. 1978. *Methodenprobleme der Zeitreihenforschung am Beispiel einer interdisziplinären psychoneuroendokrinen Untersuchung*. Diss. Göttingen. p.72-4.

b. W.F. Meyer. 1966. *Experimentelle Beiträge zur psychologischen Bedeutungsanalyse*. Diss. Johannes Gutenberg-Universität Mainz. p.46-7.

c. H.H. Wilhelm. 1978. *Beziehung zwischen weiblichen*

**maskas** : naas uitroepe soos klasse, prima en aus-  
**gits** gezeichnet om ingenomenheid met indrukwek-  
kende aktiwiteite uit te druk

**ag nooit** : naas uitroepe soos verdammt noch mal en  
**sies/sis** Gott behüte om afkeur of ergernis uit te  
druk

c. Engels as bron vir ontlenings

**dash it (all)** : naas uitroepe soos verdammt, ver-  
damn it dammt noch mal en verflixt om  
ergernis, woede en frusrasie uit  
te druk.

**shame** : naas uitroepe soos ach Gottchen,  
weine nicht en wird schon wieder gut  
om troos of medelye uit te druk

Ach OK en ~~wird~~: word soos shame gebruik

wird schon OK as teenwoord nie

**never mind** : word soos shame gebruik om 'n kind  
te troos voor as in die volgende

-----  
*Sexualhormonen und hirnelektrischer Spontanaktivität  
unter dem Aspekt der Aktivierung.* Diss. zur Erlangung  
des Doktorgrades der Mathematisch-  
Naturwissenschaftlichen Fakultät der Georg-August-  
Universität zu Göttingen. p.30.

shot, tip top, : naas uitroepe soos  
super, fabulous : klasse, prima en wunderbar om  
vreugde of ingenomendheid uit te  
druk. Die woordkeuse van soortlike en  
vervalike informante refleks, het beduidend meer nuwe be-  
d. Afrikaans en Engels as bron vir ontlenings om nu-  
merale en soog in kultie argentiek wordend of  
phantastisch : naas uitroepe soos herrlich, wunder-  
bar en prima gebruik om vreugde uit  
te druk. Die relatief hoë voorkoms  
van die woord is waarskynlik daaraan  
toe te skryf dat dit ook so in  
Afrikaans en Engels gebruik word,  
nl. fantasties en fantastic.

### e. Afleidings

#### e. Afleidings

- (i) Die invloed van die twee amptelike landstale is sigbaar as vreemde woorde (veral ook as modewoorde), en nie suseer as leenwoorde nie.

(ii) Wat omvang en frekwensie betref, kom daar in dié taallaag minder ontlenings voor as in die vorige afdelings. *heid van nense vergesel. In Standardeguide*

(iii) *Shame, en in 'n mindere mate ook phantastisch,*  
kan waarskynlik as merkers van groepsidentiteit beskou

word - vgl. W. Schenker wat modewoorde as sosiale indikatore behandel.<sup>19</sup>

wiedersehen of adien die afskeidshandeling vergesel.<sup>20</sup>

(iv) Wat die onderskeie woordkeuses van manlike en vroulike informante betref, het beduidend meer mans as vrouens (70% teenoor 28%) kragwoorde gebruik om hul gevoelens te lug as hulle ergerlik, woedend of gefrustreerd is. Daar was geen beduidende verskil tussen die twee geslagte se woordgebruik om bv. troos of medelye uit te druk nie.

#### 4.4.7 Stereotiepe teenoor kreatiewe taalgebruik (LFB 5; 200 Grussformeln und Höflichkeitsfloskeln).

##### a. Inleiding

In hierdie afdeling sal bepaal word of en in welke mate

die twee landstale 'n invloed op groetwyses en hoflikheidsuitdrukkings het wanneer lede van die teikengroep Duits praat. Duits 'n taalhandeling wat net die ontmoeting van mense vergesel. Daar is dus

Wat is groetwyses en hoflikheidsuitdrukkings? Groetwyses verwys hier na taalhandelinge wat die ontmoeting of die afskeid van mense vergesel. In Standaardduits

---

19. Vgl. W. Schenker. 1977. Modewörter als soziale Indikatoren, in: J. Göschel und W. Veith. *Zeitschrift für Dialektologie und Linguistik*, 3/1977. Wiesbaden: Franz Steiner Verlag GmbH. p.294.

word die ontmoeting vergesel deur uitdrukkings soos **guten Tag** of **Grüss Gott**, terwyl uitdrukkings soos **auf Wiedersehen** of **Adieu** die afskeidshandeling vergesel.<sup>20</sup>

**Hoflikheidsuitdrukkings** vergesel handelinge soos die klink van glase as bier of wyn gedrink word, of as 'n mens nies en iemand **Gesundheit** sê. Baie van hierdie uitdrukkings word sonder nadanke gebruik en dit kan selfs as rituele beskou word.

Eerstens word die invloed van Afrikaans, daarna van Engels en dan van Afrikaans en Engels op die ondersoekgroep se gebruik van Duitse groetwyses en hoflikheidsuitdrukkings beskryf.

b. Afrikaans as bron vir ontlenings

In Afrikaans word die woord **groet** dikwels gebruik om sowel die ontmoeting as die afskeid van mense te vergesel, terwyl **grüssen** in Duits 'n taalhandeling is wat net die ontmoeting van mense vergesel. Daar is dus

-----  
20. Sosiale konvensies wat verwoord word deur uitdrukkings soos **guten Tag** het primêr geen betekenis nie en tree bloot as seine of tekens in bepaalde situasies op. H. Burger noem sulke uitdrukkings 'pragmatische Idiome'. Vgl. H. Burger, unter Mitarbeit von H. Jaksche. 1973. Idiomatik des Deutschen, in: *Germanistische Arbeitshefte*, Nr. 16. Tübingen: Max Niemeyer Verlag. p.58-59.

sprake van kontrasverlies of -verskil (Kontrastmangel) ten opsigte van die leksikale item groet in vergelyking met **grüssen**.

Ten opsigte van die afskeidshandeling is die uitdrukking **alles Beste** opgeteken in plaas van **alles Gute**, na aanleiding van alles van die beste.

#### c. Engels as bron vir ontlenings

Tydens die veldwerk onder die Gp kon geen invloed van Engels op hierdie woordeskatkategorie opgeteken word nie.

#### d. Afrikaans en Engels as bronne vir ontlenings

Vir die Standaardduitse uitdrukking **guten Tag** is die leenvertaling **guten Mittag** opgeteken, na aanleiding van Afrikaans goeie middag en Engels good afternoon.

Hoewel die woord **hallo** ander bepaalde omstandighede ook in Standaarduits gebruik word<sup>21</sup>, is dit moontlik dat die hoë gebruiksfrekvensie daarvan onder die lede van die teikengroep toe te skryf is aan die gebruik van **hallo** in sowel Afrikaans en Engels.

21. Vgl. G. Wahrig. 1974. kolom 1630.

Die hoë gebruiksfrekvensie van *hallo* by die segsmanne en die algemene verspreidheid daarvan is moontlik reeds 'n aanduiding van hul akkulturasie aan 'n Suid-Afrikaanse omgewing en dat *hallo* moontlik uitdrukkings soos *guten Tag* mettertyd in bepaalde situasies kan verdring.<sup>22</sup> *hallo* se invloed is sigbaar in die vorm van oververtalings soos altes Beate en ook as betekenisvrome. Afleidings vertoonde Duitse woorde soos *grußend*.

(i) By die optekening van groetwyses en hoflikheidsuitdrukkings is daar, wat sowel die gebruiksfrekvensies van ontlennings as die omvang daarvan betref, min voorbeeld van kontaktaalige interferensies. In hoflikheidsuitdrukkings is tydens die onderzoek opgeteken nie.

Die rede hiervoor is waarskynlik dat hierdie woorde as vaste uitdrukkings aangeleer is en dat daar nie bewustlik aan hierdie tradisionele etikette gemodifiseer word nie.

Afrikaans en Engels het op leksikale gebied 'n beperkte invloed op die Duitse woordeskat van die ondersoeksgroep. Die effek van die kontak met die landstale kan soos volg opgeteken word:

---

22. Met die gebruik van groetwoorde (soos *hallo*) en vrae na die welstand van die gespreksgenote het die oud-ingesetene Duitssprekendes van Pretoria reeds begin bestig om 'n eie telefoongesprekskultuur te ontwikkel. Vgl. H. Becker. 1986. Zustand der deutschen Muttersprache in Südafrika, in: *Jahrbuch der Deutschen Schule Johannesburg*. Johannesburg. p.64.

weter Hierdie vaste uitdrukkings kan as historiese reste by sprekers voorkom, selfs nadat die aktiewe gebruik van die betrokke taal self al verlore gegaan het as gevolg van faktore soos taalverskuiwing.

(ii) Afrikaans se invloed is sigbaar in die vorm van leenvertalings soos **alles Beste** en ook as betekenisverruiming van 'n bestaande Duitse woord soos **grüssen**.

(iii) Engels alleen het geen interferensies gedurende die veldwerk opgelewer nie.

(iv) Geen interferensies ten opsigte van hoflikheidsuitdrukkings is tydens die ondersoek opgeteken nie.

#### 4.5 WAARNEMINGS EN GEVOLGTREKKINGS

##### 4.5.1 Algemene oorsig van bevindinge

Afrikaans en Engels het op leksikale gebied 'n bepaalde invloed op die Duitse woordeskat van die ondersoekgroep. Die effek van die kontak met die landstale kan soos volg opgesom word:

Veral die relatief lang lys Engelse vreemde woorde bevestig die aanname dat die meeste ontlenings uit dié landstaal voorkom in sfere van die samelewing wat ruweg as

wetenskaplike en tegniese registers beskou word. Engels lewer ook heelwat uitdrukings op wat verband hou met sosiale prestige en die handel, terwyl ontlenings uit Afrikaans meesal met plaaslike begrippe en voorwerpe in en om die huis verband hou (vgl. segsmanne se uitsprake oor taalvermenging by SLF 57). Dit hou verband met die diglossie-situasie wat in Hoofstuk 3 beskryf is.

Die aanname dat min of geen ontlenings aan die twee landstale op kerklike terrein by die ondersoekgroep sal voorkom nie is, wat woordeskat betref, ook bevestig.

Die Duitse woordeskat van die Gp toon min leenskeppings (Lehnschöpfungen, Lehnbildungen), maar heelwat leenvertalings soos Grasschneider en Spielgrund (vgl. afdelings 4.4.2 c en 4.4.3 c).

Daar is tog goeie voorbeelde waaruit die invloed van ander tale nie in die woordstruktuur duidelik blyk nie, bv. Weltbummler (jet-setter) of Millionen-Auflage (best-seller) en Freilichtkino vir drive-in theatre.

Ook die uitdrukking kontaktfreudige Menschen vir sociable people in plaas van soziale Menschen toon dat die lede van die ondersoekgroep uit eie middele ekwivalente vir leksikale items in Afrikaans en Engels kon skep. van Stratoukens-  
mecke in die Afrikaanse Leksikon, int SA Tydskrif vir Taalkunde, Jg. 5, No. 1, Januarie 1987.

Wat die woordklank betref, word ontlenings (Übernahmen) uit Afrikaans meesal Duits; die Engelse ontlenings daarenteen meesal Engels uitgespreek.<sup>23</sup>

Wat die woordstruktuur betref: terwyl heelwat ontlenings uit Afrikaans duidelike tekens van vermenging met Duits toon (vgl. die lang lys leenwoorde by A4.4.2 c.), word die Engelse ontlenings dikwels in die Engelse vorm behou (vgl. die lang lys vreemde woorde by A4.4.3 a).<sup>24</sup>

Waar half-vreemde woorde (Halbfremdwörter) en leenwoorde soos *jobben*, *joggen* en *Kraalmist* nog duidelik vreemde morfeemstrukture toon, is Afrikaanse en Engelse stratumkenmerke minder opvallend in leenwoorde soos *untersteoben*, *veraschen* en *Wellblech*.

---

23. Vgl. R. Grüner. o.J. p.9. vir soortgelyke bevindinge in Kroondal.

24. Alle leenwoorde is nie in dieselfde mate in Duits geassimileer nie, en baie woorde toon, op grond van sekere morfologiese kenmerke, nog hul leenwoordkarakter.

Stratumkenmerke by leenwoorde bepaal in welke mate die betrokke leenwoorde reeds in die ontlenende taal se morfeemstruktuur geïntegreer is (vgl. bv. A. Coetzee vir stratumkenmerke in die Afrikaanse leksikon).

A. Coetzee 1987. Morfologiese Aspekte van Stratumkenmerke in die Afrikaanse Leksikon, in: *SA Tydskrif vir Taalkunde*. Jg. 5, No. 1. Januarie 1987.

Leenwoorde soos **Seekuh**, **Mahlfleisch** en **Verkehrslicht** toon uiterlik weinig of geen tekens van Afrikaanse en Engelse invloed omdat dit na komposita lyk wat uit Standaardduitse stamme bestaan.<sup>25</sup>

Wat woordvorming in die Duitse woordeskat van die Gp betref, blyk dit dat by mengwoorde (d.w.s. woorde waar een morfeem Duits, die ander Afrikaans of Engels is) veral die linkssegment of determinator (die bepaler) die vreemde woorde is, en die regssegment of die determinatum (die kern; – dit wat bepaal word) die Duitse woorde is. Vergelyk in dié verband **Job-Karte** en **Duplex-gebäude**.

Die ondersoek het ook getoon dat daar min afleidings gevorm word (vgl. **veraschen** vir **einäschern**), maar heelwat samestellings soos **Kosthaus**, **Sitzkammer** en **branntarm**.

Verder wat woordvorming betref, het dit geblyk dat Afrikaans en Engels morfeme het wat ooreenstem met morfeme in Duits en dat daar dan van Überrepräsentation sprake is (vgl. die intensiewe vorme van adjektiewe by A4.4.2 c).

In so 'n geval is dit moeilik om te bepaal of die landstale wel vir die vorming van sodanige intensiewe vorms verantwoordelik is, en of die landstale nie moontlik net die gebruik van Standaardduitse uitdrukkingen ondersteun nie.

<sup>25</sup>. Vgl. D. Weinreich, 1974, p.60.

Waar daar van Unterrepräsentation sprake is, oefen die landstale wel 'n invloed uit op die vorming van uitdrukkings wat nie in Standaarduits voorkom nie, (vgl. intensiewe forme by A4.4.2 c).

Die stuk van die landstale op die So se Duits word versterk.

#### 4.5.2 Enkele redes vir die ontlenings uit die kontaktale

Die volgende enkele redes word beskou vir die ontlenings:

In 'n taalkontaksituasie is die status van die betrokke tale nie almal ewe hoog nie. As die ontleende taal (in dié geval Engels of Afrikaans) hoë status onder die betrokke sprekers geniet, sal hul heel waarskynlik baie uitdrukkings uit dié tale in hul eie tale opneem. Die oorname van leksikale items uit die landstale is ook 'n funksie van 'n positiewe houding jeens die twee amptelike landstale.

Problematiek en akkulturasie van vreemde tale dan geskep.

Die gebruik van vreemde en leenwoorde kan ook 'n aanduiding wees van die mate waarin ander tale beheers word, en van die graad van akkulturasie wat reeds plaasgevind het.<sup>25</sup> Leenwoorde kan ook gebruik word om in 'n gesprek 'n meer informele register te skep en om toenadering by die gespreksgenoot te vind.

Afgesien van hierdie faktore wat in 'n groot mate op houdings gebaseer is, speel ekonomiese redes ook 'n belangrike rol. Die hoë gebruiksfrekwensie van veral Engelse vreemde

---

25. Vgl. U. Weinreich. 1974. p.60.

woordie is dikwels te herlei tot verbruiksartikels, handelsname en produkte of dienste wat met die Engels gedomineerde nywerheid in Suid-Afrika verband hou.

Die effek van die landstale op die Gp se Duits word versterk deur, onder ander, televisie- en radioadvertensies waarin trefwoorde en frases herhaal word, sodat ook die Gp sekere sake of aktiwiteite assosieer met bepaalde name en woorde. Hierdie trefwoorde en reklamespreuke verdring dikwels die Duitse ekwivalent uit die Gp se aktiewe woordeskaf.

Weens die intensieve kontak met die landstale in die werksituasie leer die Gp dikwels die bepaalde beroeps- of vaktaal van die organisasie self aan - met die Afrikaanse of Engelse terminologie en vakidioom wat dan deurwerk na hul Duitse omgangstaal.

Hierdie rede hou in die algemeen verband met die waarneming dat ontlennings uit ander tale die leksikale gapings (lexikalische Leerstellen) in 'n nuwe kulturele konteks moet vul.

Verder het die lede van die ondersoekgroep aangedui dat die vreemde woord dikwels meer seggingskrag en meer trefkrag het as die Duitse woord (vgl. antwoorde op SLF 60).

Betekenisslytasie (Bedeutungsverschleiss) by die bestaande woorde skep ook 'n behoefte aan sinonieme - dikwels uit ander tale (vgl. U. Weinreich. 1974. p. 59,64-65). Dit is onder andere van toepassing op die intensiewe vorme van sekere adjektiewe en op emotiewe uitdrukkings.

Wat uitdrukkings in die emotiewe register betref : woorde uit ander tale roep soms ongunstige assosiasies op en dan vervul hierdie leenwoorde 'n pejoratiewe funksie in die ontlenende taal (vgl. U. Weinreich. 1974. p. 60).

Daar bestaan ook woord-ekonomiese redes : dit is dikwels makliker om 'n klaargemaakte woorde of uitdrukking uit 'n ander taal oor te neem as om self opnuut 'n uitdrukking te skep : die uitdrukkings T-junction en T-aansluiting lei bv. spontaan tot **T-Anschluss**.

#### 4.5.3 Implikasies van die invloed van die kontaktale op die Gp se Duitse woordeskat

Woorde soos OK, with-it en vasbyt, en ook shame en phantastisch kan dien as sosiale merkers.<sup>26</sup> Hierdie merkers van groepsidentiteit sal, in die geval van die Gp, hulle nie souseer van Afrikaans- of Engelssprekende Pretorianers onderskei nie, maar heel waarskynlik van nuwe immigrant-Duitsers.

26. Vgl. R. Grüner, o.c., p.16-17.

As gevolg van die verdringing van Duitse woorde uit die woordeskata van die Gp en ook as gevolg van verskynsels soos Unterrepräsentation ten opsigte van Duits, Afrikaans en Engels ontstaan daar by die Gp 'n beperkte woordeskata. Dit lei, wat die Gp se uitdrukingsvermoë in Duits betref, tot wat R. Grüner 'Variantenarmut' noem.<sup>26</sup>

Die Gp se kontak met Afrikaans en Engels lei nie net tot 'n beter uitdrukingsvermoë in daardie tale nie, maar tot 'n Duits wat in sommige gevalle as substandaard beskou kan word. Dit geld dan veral die woordeskata van die Gp, afgesien van bepaalde woordeskatdomeine soos die kerk waar die kerktaal waarskynlik nog grotendeels Standaardduits sal wees.

#### 4.6 SAMEVATTING

Die klassieke klasie het oor nie oor 'n sterke kontak met die Duitssprekende ondersoekgroep het in byna al die sfere van die samelewing kontak met Afrikaans en Engels. Hierdie kontak is dikwels intensief en langdurig en dit bring in sommige gevalle mee dat die lede van die ondersoekgroep onseker is oor die norme wat ten opsigte van Duits behoort te geld. Minusval van Engels in die handel, die hybrideid en op wetenskaplike en tegniese terrein is voorbeeld daarveral Engelse vreemde woorde. Engelse vreemde woorde het ook redelik dikwels voorgekom as modewoorde of woorde wat

---

26. Vgl. R. Grüner. o.J. p.16-17.

In hierdie hoofstuk is dit die doelwit om te bepaal hoe die twee amptelike landstale die woordeskata van die ondersoekgroep beïnvloed as hulle Duits praat. Dit gaan dus om leksikale ontlenings as gevolg van taalkontak en sosiale prosesse wat in Pretoria aan die gang is.

Op grond van die resultate wat m.b.v. die gestelde aannames behaal is, kan gesê word dat die doelwit met dié hoofstuk bereik is.

Die aanname dat taal varieer is bevestig deurdat heelwat lokale skeppinge, dus Pretoria-Duitse variante, naas die Standaardduitse variante opgeteken is. Daar is dus 'n toename in sinonieme (al is dit in verskillende registers) in die sprekers se woordeskata.

Afrikaans en Engels het ook nie oral ewe sterk 'n invloed op Duits uitgeoefen nie. Die aanname dat min ontlenings op kerklike terrein sal voorkom, is bevestig. Insgelyks is die aanname bevestig dat die invloed van Afrikaans sal verband hou met plaaslike, kultuurspesifieke aangeleenthede.

Die dominansie van Engels in die handel, die nywerheid en op wetenskaplike en tegniese terrein is weerspieël deurveral Engelse vreemde woorde. Engelse vreemde woorde het ook redelik dikwels voorgekom as modewoorde of woorde wat sosiale prestige uitdruk.

Wat die twee geslagte betref, het vroulike informante meer waarde aan Standaarduits geheg as die mans, en het hulle ook minder ontlenings uit die twee landstale geregistreer as die mans. Dit het veral die gebruik van modewoorde of kragwoorde by die uitdrukking van emosies gegeld.

Op woordvlak self is gevind dat

- meer samestellings as afleidings by ontlenings voorkom
- Afrikaanse woorde makliker as Engelse woorde met die Duitse taalsisteem geïntegreer word en wel as leenwoorde dikwels in belangstelling met bepaalde geslags
- Engelse woorde meesal op Engels uitgespreek en as vreemde woorde behou word
- min leenskeppings voorkom, maar baie leenvertalings geregistreer is.

Onder die redes vir die voorkoms van leksikale interferensies by die ondersoekgroep tel die volgende:

- ekonomiese redes : die invloed van veral Engels in die handel en die nywerheid; advertensies in die massamedia waar slagspreuke dikwels herhaal word die woordeskat beïnvloed was.

- die trefkrag en konnotasies wat vreemde en leenwoorde het in die kategorieë waarin die woord gesament word.
- woord-ekonomiese redes : dit is dikwels makliker om 'n vreemde woord oor te neem en aan te pas as om opnuut 'n woord self te skep
- ontlenings vul leksikale gapings in die Duitse woorde-skot omdat sekere plaaslike begrippe of nuwe (tegniese) begrippe nie deur die Duitse woorde benoem word nie
- ontlenings en ander interferensies dui op akkulturasie en op identifisering met bepaalde groepe.

'n Belangrike implikasie van die ontlenings aan die twee landstale is dat die Duits van die ondersoekgroep sterk kan varieer.

Dit kan ook voorkom dat plaaslike uitdrukkings die Standardduitse uitdrukkings verdring of net bepaalde Standardduitse uitdrukkings laat voortbestaan. Op dié wyse verskraal die sprekers van Duits se uitdrukkingsvermoë watveral fyner stilistiese nuanses betref.

Die invloed van die twee amptelike landstale lei dikwels by sommige sprekers tot 'n beperkte taalkode waarin meer as net die woordeskot beïnvloed word.

Die klassifikasie van interferensies in Hoofstuk 5 bied 'n oorsig van die kategorieë waarin die Gp se Duits verander.

Die doelwit set hierdie hoofstuk is om die Afrikaanse en Engelse Interferensies wat in die ondersoeksgroep se Duits voorkom volgens taalkundige beginsels te beskryf en te klassifiseer.

Om dit te kan beskryf, sal die volgende rubriek in sprek word:

- 'n bref oorsig van interferensiestudies wat reeds onderneem is
- die metode en fundamente wat gevvolg sal word om die interferensies te beskryf en te klassifiseer
- die klassifikasie van die kontaktige interferensies
- waarnemings en gevolgtrekings náook evaluering vir die ondersoeksgroep se Duitse taalgebruik
- 'n samenvatting van bevindings

### 5.1 INLEIDING

Sinne die domein van die Sosiolinguistiek wat aandag gee aan die wisselwerking tussen taal en gemeenskap is daar ook in die besonder aandag gegee aan taalkontak en die gevolglike taalbeïnvloeding.<sup>1</sup>

1. Vgl. bv. E. Haugen, 1953 en D. Weinreich, 1974.